

7 November

Skrifgedeelte: 1 Johannes 4:7-21
Fokusgedeelte: NGB, Art 28

Buite die kerk is daar geen saligheid nie

Dikwels sê mense in onderhoude dat hulle nog wel in God glo, maar geen erg meer aan die kerk het nie. Hulle wil deel wees van die sogenaamde “kerklose” Christendom. Die kerk het vir hulle te veel sondes, binnegevegte, of is te streng en beperkend. Dit is makliker om God te dien sonder ’n kerk.

Die Nederlandse Geloofsbelydenis (Art 28) ontmasker die gesindheid agter sulke uitsprake. Dit bely “dat niemand, wat sy stand en status ook al is, hom in selftevredenheid van hierdie vergadering afsydig mag hou nie ...” Dit is selftevredenheid wat agter afsydigheid van die kerk skuil. Hierdie selftevredenheid is inderwaarheid ’n neersien op medegelowiges. Dit sê: “Ek is nie soos hulle nie. Ek het hulle nie nodig nie. Ek en God, ons sal alleen regkom, dankie.”

In ons Skrifgedeelte (vers 20) wys Johannes dat so ’n houding nie opgaan nie, “want wie sy broer, wat hy kan sien, nie liefhet nie, kan onmoontlik vir God liefhê, wat hy nie kan sien nie.” Dit is waar dat die kerk baie foute het. Kerkmense is allermens volmaakte mense. Dit is ook waar dat geen kerk jou in die hemel sal bring nie, maar dit is ’n leuen dat jy God kan liefhê sonder om liefdevol by medegelowiges betrokke te wees.

Die kerk is die plek waar die liefde van God ontvang en uitgedeel word. Elkeen wat so liefhet is ’n kind van God en ken God (vers 7). Dink jy werklik dat daar enige saligheid sonder hierdie liefde is? Begin dus vandag om die liefde wat God aan jou bewys het in alle erns met medegelowiges te deel. Waar mense dit begin doen word die heerlike wonder van kerkwees sigbaar!

Dr. WC Vergeer (Potchefstroom-Oos)